UNIE VAN SUID-AFRIKA
UNION OF SOUTH AFRICA

BUITENGEWONE EXTRAORDINARY

Staatskoerant
Government Gazette

(As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer) (Registered at the Post Office as a Newspaper)

VOL. CXCIX.] PRYS 6d. PRETORIA, 12 FEBRUARIE 12 FEBRUARY 1960. PRICE 6d. [No. 6367.

GOEWERMENTSKENNISGEWINGS.

DEPARTEMENT VAN ARBEID.

No. 198.] [12 Februarie 1960.

WET OP NYWERHEIDSVERSOENING, 1956. SOOS GEWYSIG.

BOUNYWERHEID, QUEENSTOWN.

Namens die Minister van Arbeid, verklaar ek, MARAIS VILJOEN, Adjunk-minister van Arbeid hierby—

(*a*) kragtens paragraaf (*a*) van subartikel (1) van artikel *agt-en-veertig* van die Wet op Nywerheidsversoening, 1956, soos gewysig, dat die bepalings van die Ooreenkoms wat in die Bylae hiervan verskyn en op die Bounywerheid betrekking het, vanaf 13 Februarie 1960 en vir die tydperk wat vyf jaar vanaf genoemde datum eindig, bindend is vir die werkgewersorganisasie en vakvereniging wat genoemde Ooreenkoms aangegaan het en vir die werkgewers en werknemers wat lede van daardie organisasie of daardie vereniging is;

(*b*) kragtens paragraaf (*b*) van subartikel (1) van artikel *agt-en-veertig* van genoemde Wet, dat die bepalings vervat in klousules 1 (ii), 3 tot en met 27, 29 en 30 van genoemde Ooreenkoms vanaf 13 Februarie 1960 en vir die tydperk wat vyf jaar vanaf genoemde datum eindig, bindend is vir alle ander werkgewers en werknemers as dié vermeld in paragraaf (*a*) van hierdie kennisgewing, betrokke by of in diens in genoemde Nywerheid in die landdrosdistrik Queenstown; en

(*c*) kragtens paragraaf (*a*) van subartikel (3) van artikel *agt-en-veertig* van genoemde Wet, dat die bepalings vervat in klousules 1 (ii), 3 tot en met 16, 19 tot en met 27, 29 en 30 van genoemde Ooreenkoms vanaf 13 Februarie 1960 en vir die tydperk wat vyf jaar vanaf genoemde datum eindig, in die landdrosdistrik Queenstown, *mutatis mutandis* bindend is vir alle Naturelle in diens in genoemde Nywerheid by dié werkgewers vir wie enige van genoemde bepalings ten opsigte van werknemers bindend is en vir daardie werkgewers ten opsigte van Naturelle in hul diens.

M. VILJOEN,
Adjunk-minister van Arbeid.

BYLAE.

NYWERHEIDSRAAD VIR DIE BOUNYWERHEID, QUEENSTOWN.

OOREENKOMS

ingevolge die bepalings van die Wet op Nywerheidsversoening, 1956, gesluit en aangegaan tussen die

National Federation of Building Employers in South Africa (hieronder die „werkgewers" of „werkgewersorganisasie" genoem), aan die een kant, en die

Amalgamated Union of Building Trade Workers of South Africa (hieronder die „werknemers" of die „vakvereniging" genoem), aan die ander kant,

wat die partye is by die Nywerheidsraad vir die Bounywerheid, Queenstown.

GOVERNMENT NOTICES.

DEPARTMENT OF LABOUR.

No. 198.] [12 February 1960

INDUSTRIAL CONCILIATION ACT, 1956, AS AMENDED.

BUILDING INDUSTRY, QUEENSTOWN.

On behalf of the Minister of Labour, I. MARAIS VILJOEN, Deputy-Minister of Labour, hereby—

(*a*) in terms of paragraph (*a*) of sub-section (1) of section *forty-eight* of the Industrial Conciliation Act, 1956, as amended, declare that the provisions of the Agreement which appears in the Schedule hereto and which relates to the Building Industry, shall be binding from the 13th February, 1960, and for the period ending five years from the said date upon the employers' organisation and the trade union which entered into the said Agreement and upon the employers and employees who are members of that organisation or that union;

(*b*) in terms of paragraph (*b*) of sub-section (1) of section *forty-eight* of the said Act, declare that the provisions contained in clauses 1 (ii), 3 to 27 (inclusive), 29 and 30 of the said Agreement shall be binding from the 13th February, 1960, and for the period ending five years from the said date, upon all employers and employees other than those referred to in paragraph (*a*) of this notice, engaged or employed in the said Trade in the Magisterial District of Queenstown; and

(*c*) in terms of paragraph (*a*) of sub-section (3) of section *forty-eight* of the said Act, declare that in the Magisterial District of Queenstown and from the 13th February, 1960, and for the period ending five years from the said date the provisions contained in clauses 1 (ii), 3 to 16 (inclusive), 19 to 27 (inclusive), 29 and 30 of the said Agreement shall *mutatis mutandis* be binding upon all Natives employed in the said Trade by the employers upon whom any of the said provisions are binding in respect of employees, and upon those employers in respect of Natives in their employ.

M. VILJOEN,
Deputy-Minister of Labour.

SCHEDULE.

INDUSTRIAL COUNCIL FOR THE BUILDING INDUSTRY, QUEENSTOWN.

AGREEMENT

in accordance with the provisions of the Industrial Conciliation Act, 1956, made and entered into by and between

The National Federation of Building Employers in South Africa (hereinafter referred to as the "employers" or "employers' organisation"), of the one part, and the

Amalgamated Union of Building Trade Workers of South Africa (hereinafter called the "employees" or "the trade union"), of the other part,

being parties to the Industrial Council for the Building Industry, Queenstown.

1. BESTEK VAN TOEPASSING VAN OOREENKOMS.

(i) Die bepalings van hierdie Ooreenkoms moet in die landdrosdistrik Queenstown nagekom word deur die werkgewers en werknemers wat onderskeidelik lede van die werkgewersorganisasie of die vakvereeniging is.

(ii) Notwithstanding the provisions of sub-clause (i)—

(*a*) die bepalings van hierdie Ooreenkoms op vakleerlinge van toepassing slegs vir sover dit nie met die bepalings van die Wet op Vakleerlinge, 1944, of met enige kontrak of voorwaardes wat daarkragtens gesluit of vasgestel is, strydig is nie;

(*b*) die bepalings van die Ooreenkoms op kwekelinge kragtens die Wet op Opleiding van Ambagsmanne, 1951, (Wet No. 38 van 1951) van toepassing slegs vir sover dit nie met die bepalings van daardie Wet of enige voorwaardes wat daarkragtens vasgestel is, strydig is nie;

(*c*) klousules 4 (3), 8, 10 en 11 (3) nie van toepassing op werknemers vir wie lone in klousule 4 (1) (*a*) (i), (ii), (iii), (iv) en (v) voorgeskryf word nie.

2. GELDIGHEIDSDUUR.

Hierdie Ooreenkoms tree in werking op sodanige datum as wat Deur die Minister van Arbeid kragtens artikel *agt-en-veertig* van die Wet vasgestel word en bly vyf jaar lank van krag of vir sodanige tydperk as wat hy bepaal.

3. WOORDOMSKRYWINGS.

Enige uitdrukkings wat in hierdie Ooreenkoms gebesig en in die Wet op Nywerheidsversoening, 1956, omskryf word, het dieselfde betekenis as in daardie Wet, en enige verwysing na 'n wet omvat alle wysigings van sodanige wet, en tensy dit strydig met die samehang is, beteken—

„Wet" die Wet op Nywerheidsversoening 1956;

„vakleerling" 'n werknemer in diens kragtens 'n skriftelike vakleerlingskapkontrak wat ingevolge die Wet op Vakleerlinge, 1944, geregistreer is, en omvat 'n minderjarige wat ingevolge daardie Wet vir 'n proeftydperk in diens is;

„Bounywerheid" of „Nywerheid" sonder om in enige opsig die gewone betekenis van die uitdrukking te beperk, die nywerheid waarin werkgewers en werknemers met mekaar geassosieer is vir die oprigting, voltooiing, hernuwing, herstel, onderhoud of verbouing van geboue en bouwerke en/of die vervaardiging van artikels wat gebruik word in die oprigting, voltooiing of verbouing van geboue en bouwerke, ongeag of die verrigting van die werk, die bereiding van die materiaal of die maak van die nodige artikels op die terrein van die geboue of bouwerke of elders geskied, en dit omvat alle werk wat uitgevoer of verrig word deur persone daarin wat in die volgende bedrywe of onderafdelings daarvan werksaam is:—

Messelwerk, met inbegrip van betonwerk en die vassit van betonblokke, plakke of plate, die beteëling van mure en vloere, uitvoeging van baksteenwerk, voegwerk, plaveiwerk, mosaïekwerk, voorwerk met leiklip, marmer en komposisie, rioolaanleg, leidekwerk, dakpanwerk en sementkalfaatbewerking van erdepypriole;

elektriese installasiewerk, met inbegrip van die installering van elektriese toebehore en bedradingswerksaamhede wat daarmee gepaard gaan;

lakverniswerk, met inbegrip van polering met 'n kwas of kussinkie en bespuiting met enige komposisiestof;

skrynwerk, met inbegrip van die insit van alle houttoebehore en die vervaardiging van alle skrynwerkartikels wat by sodanige insit behoort, ongeag of die insit in die gebou of bouwerk gedoen word deur die persoon wat die gebruikte artikel vervaardig of berei of nie, en dit omvat rakkaste, kombuiskaste en ander vaste kombuistoebehore wat by die gebou as 'n permanente deel daarvan bykom;

werk met glas in lood en ander metale, met inbegrip van die vervaardiging en/of die aanbring van ruite, reklametekens en die insit van glas in verband daarmee;

installering van hysers, met inbegrip van die vervaardiging van hysbakke of hyserkooie en die oprigting en/of instandhouding van hysers;

metaalwerk, met inbegrip van die aanbring van staalplafonne, metaalvensters, metaaldeure, bouersmidswerk, metaalrame en metaaltrappe en boukundige metaalwerk, die vervaardiging en/of aanbring van getrokke metaalwerk, en -plate en uitgedrukte metaalwerk, ongeag of die persoon wat die gebruikte artikel vervaardig of berei, dit in die gebou of bouwerk insit of nie;

klipmesselwerk, met inbegrip van klipbeitelwerk en -bouwerk (met inbegrip van die kap van en bou met sierklip- en monumentklipwerk), betonwerk en die vassit van of bouwerk met voorafgevormde of kunsklip of marmer, plaveiwerk, mosaïekwerk, voegwerk, muur- en vloerbeteëling, bediening van 'n Mall- en Biax- of soortgelyke tipe draagbare draaiskuurskyfmasjien, buigbare saag-, afwerk- en ander klipwerkmasjinerie, uitgesonderd klippoleermasjinerie en die skerpmaak van klipwerkgereedskap, ongeag of die insit in die gebou of bouwerk verrig word deur die persoon wat die gebruikte artikel vervaardig of berei of nie;

1. SCOPE OF APPLICATION OF AGREEMENT.

(i) The terms of this Agreement shall be observed in the magisterial District of Queenstown by the employers and employees in the Building Industry, who are members of the employers' organisation or the trade union respectively.

(ii) Notwithstanding the provisions of sub-clause (i)—

(*a*) the terms of this Agreement shall apply to apprentices only in so far as they are not inconsistent with provisions of the Apprenticeship Act, 1944, or any contract entered into or any conditions fixed thereunder;

(*b*) the terms of this agreement shall apply to trainees under the Training of Artisans Act, 1951 (Act No. 38 of 1951), only in so far as they are not inconsistent with the provisions of that Act or any conditions fixed thereunder;

(*c*) clauses 4 (3), 8, 10 and 11 (3) shall not apply to employees for whom wages are prescribed in clause 4 (1) (*a*) (i), (ii), (iii), (iv) and (v).

2. PERIOD OF OPERATION.

This Agreement shall come into operation on such date as may be specified by the Minister of Labour in terms of section *fourty-eight* of the Act, and shall remain in force for a period of five years or for such period as may be determined by him.

3. DEFINITIONS.

An expressions used in this Agreement which are defined in the industrial Conciliation Act, 1956, shall have the same meaning as in that Act, and any reference to any Act shall include any amendments of such Act, and unless inconsistent with the context—

"Act" means the Industrial Conciliation Act, 1956;

"apprentice" means an employee serving under a written contract of apprenticeship registered under the provisions of the Apprenticeship Act, 1944, and includes a minor employed on probation under that Act;

"Building Industry" or "Industry" means, without in any way limiting the ordinary meaning of the expression, the industry in which employer and employee are associated for the purpose of erecting, completing, renovating, repairing, maintaining or altering buildings and structures and/or the making of articles for use in the erection, completion or alteration of buildings and structures, whether the work is performed, the material prepared, or the necessary articles are made on the sites of the buildings or structures or elsewhere, and shall include all work executed or carried out by persons therein who are engaged in the following trades or sub-divisions thereof:—

Bricklaying, which includes concreting and the fixing of concrete blocks, slabs or plates, tiling of walls and floors, jointing of brickwork, pointing, paving, mosaic work, facing work in slate, in marble and in composition drainlaying, slating, roof tiling, and cement caulking of earthenware drains;

electrical installation, which includes electrical fitting and wiring operations incidental thereto;

french polishing, which includes polishing with a brush or pad and spraying with any composition;

joinery, which includes the fixing of all wooden fittings and the manufacture of all articles of joinery incidental to such fitting whether or not the fixing in the building or structure is done by the person making or preparing the articles used, and shall include cupboards, kitchen dressers or other kitchen fixtures, which accrue to the building as a permanent portion thereof;

light making, lead and other metals, which includes the manufacture and/or fixing of lights, display signs and glazing relating thereto;

lift installations, which includes the manufacture of lift cars or cages and the erection and/or maintenance of lifts;

metal work, which includes the fixing of steel ceilings, metal windows, metal doors, builder's smith work, metal frames and metal stairs and architectural metal work, the manufacture and/or fixing of drawn metal work and sheet and extruded metal, whether or not the fixing in the building or structure is done by the person making or preparing the article used;

masonry, which includes stone cutting and building (also the cutting and building of ornamental and monumental stonework), concreting and the fixing or building of precast or artificial stone or marble, paving, mosaic work, pointing, wall and floor tiling, operating of a Mall and Biax or similar type of portable spinner, flexible, cutting, finishing and other stone working machinery, other than stone polishing machinery and sharpening of mason's tools, whether or not the fixing in the building or structure is done by the person making or preparing the article used;

skilderwerk, met inbegrip van versierwerk, muurbehangwerk, die insit van ruite, distemperwerk, wit- en kleurkalkwerk, beitswerk, verniswerk, vlamskildering, marmering en verfspuitwerk, letterskilderwerk en muurversiering, die gebruik van teer en teerprodukte, en dit omvat skuurwerk en alle werk wat voornoemde werksaamhede voorafgaan, skuurpapierbewerking van mure en houtwerk, opvulling van barste in mure en stopverfwerk aan houtwerk.

pleisterwerk, met inbegrip van modelleerwerk, modelle maak, vorms maak, afwerk van gietvorms, maak en aanbring van pleisterbordplafonne en veselpleistering of ander komposisies, granolitiese, terrasso- en komposisiebevloering; komposisiemuurbekleding en poleerwerk, bediening van 'n Mall- of Biax- of soortgelyke tipe draagbare draaiskuurskyfmasjien en buigbare saag- en afwerkmajien, voorafgevormde of kunsklipwerk, muur- en vloerbeteëling, plavei- en mosaïekwerk, metaallatwerk, akoestiekspuitverfwerk, en alle prosesse wat by die voltooiing van plafonne en mure hoort, ongeag of die persoon wat die gebruikte artikel vervaardig of berei, dit in die bou of bouwerk insit of nie;

loodgieterswerk, met inbegrip van hardsoldeerwerk en sweiswerk, loodlaswerk, gasaanleg, sanitêre en huishoudelike ingenieurwerk, rioolaanleg, kalfaatwerk, ventilering, verwarming, warm- en kouwateraanleg, die aanbring van brandblusinstallasie en die vervaardiging en aanlê van alle metaalplaatwerk, ongeag of die persoon wat die gebruikte artikel vervaardig of berei, dit in die gebou of bouwerk insit of nie;

winkel-, kantoor- en bankuitrusting, met inbegrip van die vervaardiging en/of aanbring van winkelfronte, vensterkaste, uitstalkaste, toonbanke, skerms en binne-uitrusting en toebehore;

staalversterking;

staalkonstruksie, met inbegrip van die aanbring van alle klasse staal- of ander metaalpilare, -hoofbalke, staaldwarsbalke, of metaal in enige ander vorm wat deel van 'n gebou of bouwerk uitmaak;

houtwerk, met inbegrip van timmermanswerk, fineerpaneel- en poleerwerk en skuurpapierbewerking daarvan, houtwerk, masjienwerk, draaiwerk, houtsnywerk, aansit van dakyster, klank- en akoestiekmateriaal, kurk- en asbesisoleerwerk, houtlatwerk, die aanbring van komposisieplafonne en -muurbekleding, die insit van houtproppe in mure, die bekleding van houtwerk met metaal, die insit van blokkies- en ander vloere, met inbegrip van hout, linoleum, rubberkomposisie, vloerbedekking in asfalt gelê, of kurk, met inbegrip van die skuurpapierbewerking daarvan, bediening van 'n Mall- en Biax- of soortgelyke tipe draagbare draaiskuurskyfmasjien, buigbare saag-, afwerk- en poleermasjien, bekisting en/of bereiding van vorms of gietvorms vir beton; ongeag of die persoon wat die gebruikte artikel vervaardig of berei, dit in die gebou of bouwerk insit of nie; met dien verstande egter dat die lê van linoleum deur 'n leweransier wie se vernaamste besigheid in die kommersiële distribusiebedryf is, uitgesluit is van die woordomskrywing wanneer sodanige lêwerk behoort by die verkoop van sodanige linoleum en geen deel van die regstreekse koste aan die klant vorm nie;

„los arbeider" 'n arbeider wat hoogstens drie dae in enige week by dieselfde werkgever in diens is;

„Raad" die Nywerheidsraad vir die Bounywerheid, Queenstown, geregistreer ingevolge artikel *negentien* van die Wet op Nywerheidsversoening, 1956;

„plattelandse werk" alle werk binne die landdrosdistrik Queenstown, maar buite 'n omtrek van agt myl van die Hoofposkantoor af;

„noodsaaklike dienste" enige werk wat noodsaaklikerwys verrig moet word vir die versekering van die gesondheid en die veiligheid van die publiek of vir die voortsetting van enige ander nywerheid, besigheid of onderneming;

„noodwerk" dié werk wat nie redelikerwys gedurende die ure voorgeskryf in klousule 11 (1) en (2) van hierdie Ooreenkoms verrig kan word nie;

„halfgeskoolde werknemers" 'n werknemer wat almal of enigeen van onderstaande klasse werk verrig, nl.—

Slegs oor arbeiders toesighou, metaalvensters monteer, houtvensterrame vastik, vloerskuurmasjien bedien, rioolpype kalfater, klippoleermasjinerie bedien, uitgesonderd 'n Mall- en Biax- en soortgelyke tipe draagbare draaiskuurskyfmasjien, buigbare saag- en afwerkmasjien bedien, en wat bowendien die werk van 'n arbeider kan verrig;

„geskikte slaapplek" 'n waterdigte skuiling wat veilig gesluit kan word en 'n houtvloer en die nodige was- en latrinegeriewe het;

„bouwerk" ook mure, grensmure, steunmure en monumente, uitgesonderd grafstene en begraafplaasmonumente;

„arbeider" 'n werknemer wat enigeen of almal van die volgende verrig:—

(i) Klippe of grond uitgraaf en uithaal vir fondamente, slote, riole en kanale;
(ii) uitgegraafde klippe of grond verwyder;
(iii) materiaal voer aan of verwyder uit dagha- of betonmengmasjiene, en dagha of beton met die hand of met skopgrawe meng;
(iv) goedere laai of aflaai;

painting, which includes decorating, paper-hanging, glazing, distempering, lime and colour washing, staining, varnishing, graining and marbling and spraying, signwriting and wall decoration, the use of tar and its products, and shall include sandpapering and all work preparatory to the operations aforementioned, sand papering of walls and woodwork, filling in cracks in walls, puttying of woodwork;

plastering, which includes modelling, model making, mouldmaking, facing of casts to moulds, making and fixing plaster board ceilings and fibrous plaster or other compositions, granolithic, terazzo and composition floor-laying, composition wall covering and polishing, operating a Mall and Biax or similar type of portable spinner, flexible cutting and finishing machine, precast or artificial stonework, wall and floor tiling, paving and mosaic work, metal lathing, acoustic spraying and all processes incidental to the completion of ceilings and walls, whether or not the fixing in the building or structure is done by the person making or preparing the article used;

plumbing, which includes brazing and welding, lead burning, gas fitting, sanitary and domestic engineering, drain laying, caulking, ventilating, heating, hot and cold water fitting, fire installation and the manufacture and fitting of all sheet metal work whether or not the fixing in the building or structure is done by the person making or preparing the article used;

shop, office and bank fitting, which includes the manufacture and/or fixing of shop fronts, window enclosures, show cases, counters, screens and interior fittings and fixtures;

steel reinforcing;

steel construction, which includes the fixing of all classes of steel or other metal colums, girders, steel joists, or metal in any other form which form part of a building or structure;

woodwork, which includes carpentry, veneer panelling and polishing and sandpapering of same, woodworking, machining, turning, carving, fixing of corrugated iron, sound and acoustic material, cork and asbestos insulation, woodlathing, composition ceiling and wall covering, plugging of walls, covering of woodwork with metal, block and other flooring, including wood, linoleum, rubber composition, asphalt based floor covering or cork, including the sandpapering of same, operating a Mall and Biax or similar type of portable spinner, flexible cutting, finishing and polishing machine, shuttering and/or preparation of forms or moulds for concrete; whether or not the fixing in the building or structure is done by the person making or preparing the article used, provided, however, that the laying of linoleum by a supplier whose main business is in the commercial distributive trade shall be excluded from the definition when such laying is incidental to the sale of such linoleum and forms no portion of the direct cost to the customer;

"casual labour" means a labourer who is employed by the same employer on not more than three days in any week;

"Council" means the Industrial Council for the Building Industry, Queenstown, registered in terms of section 19 of the Industrial Conciliation Act, 1956;

"country jobs" means all jobs within the Magisterial District of Queenstown, but outside a radius of eight miles from the General Post Office;

"essential services" means any work which must necessarily be performed in order to ensure the health and safety of the public or the carrying on of any other industry, business or undertaking;

"emergency work" means such work as cannot reasonably be performed during the hours prescribed in clause 11 (1) and (2) of this Agreement;

"semi-skilled employee" means an employee engaged in all or any of the following classes of work, viz.:—

Supervising solely labourers, assembling metal windows, sprigging of wood-ashes, operating floor sanding machines, caulking of drain pipes, operating stone polishing machinery other than a Mall and Biax and similar type of portable spinner, flexible cutting and finishing machine and who may in addition perform the work of a labourer;

"suitable sleeping accommodation" means a waterproof shelter capable of being securely locked, with a wooden floor and the necessary washing and lavatory accommodation;

"structure" includes walls, boundary walls, retaining walls and monuments other than tombstones and burial monuments;

"labourer" means an employee engaged an any or all of the following:—

(i) Digging or taking out stone or soil for foundations trenches, drains and channels;
(ii) removing excavated stone and soil;
(iii) shovelling materials into or removing them from mortar or concrete mixing machines, and mixing mortar or concrete by hand or with shovels;
(iv) loading or unloading materials;

(v) dagha, stene, klippe, beton of ander materiaal dra;
(vi) gebruikte stene skoonmaak;
(vii) geboue en latrines wat deur Naturelle gebruik word, afwit en teer of dergelike produkte daaraan smeer en aan ru-houtwerk, soos dwarsbalke, en onderaan vloere; met dien verstande egter dat die afwit van geboue of latrines gedurende die oprigting daarvan of binne 60 dae na voltooiing van enige gebou van hierdie woordomskrywing uitgesluit word;
(viii) staalversterkingsmateriaal met draad bind of vasmaak, of sodanige materiaal onder toesig sny, buig en inmekaarsit, oprig en vassit;
(ix) steiers onder toesig van 'n bevoegde persoon oprig;
(x) beton onder toesig gelykmaak;
(xi) skroefdraad aan pype onder toesig van 'n vakman sny;
(xii) betonmengers of dagha- of ander soortgelyke masjiene bedien;
(xiii) vakmanne help, waar dit nodig is, maar nie geskoolde werk verrig nie;

„skuilplek gedurende reënweer" 'n skuilplek wat op so 'n manier van waterdigte materiaal gebou is dat die persone wat daarin skuil onder enige omstandighede drooggehou word, en gemaklik is;

„werkende werkgewer of vennoot" alle werkgewers of vennote in 'n vennootskap wat in die Bounywerheid werk wat self werk verrig soortgelyk aan dié wat enigeen van sy werknemers verrig.

4. LONE.

(1) (*a*) Geen laer lone as die volgende, gelees met die orige bepalings van hierdie klousule, mag deur 'n werkgewer betaal en deur 'n werknemer aangeneem word nie:—

	Per uur. s.	d.
(i) Arbeider	0	9
(ii) Los arbeider	0	10
(iii) Halfgeskoolde werknemer	1	6½
(iv) Motorvoertuigbestuurder	1	9½
(v) Bediener van hystoestel	1	9½
(vi) Werknemers in die skilderbedryf	4	0
(vii) Werknemers in ander bedrywe	4	4

(*b*) *Differensiële skale.*—'n Werknemer wat op enige dag twee of meer soorte werk verrig waarvoor verskillende lone betaalbaar is, moet vir die volle tyd wat hy op sodanige werk, besoldig word teen die hoër loon wat ingevolge paragraaf (*a*) van hierdie subklousule betaalbaar is.

(2) *Besoldiging vir werk op sekere dae.*—'n Werkgewer moet dubbel die loon wat in hierdie klousule voorgeskryf word, aan sy werknemer betaal vir alle tyd wat op Sondag, Goeie Vrydag, Paasmaandag, Geloftedag, Kersdag en Nuwejaarsdag verrig word, en dit moet beskou word dat hierdie dae duur tot die gewone begintyd op die dae wat daarop volg.

(3) Benewens die loon voorgeskryf in subklousule (1), moet 'n werkgewer aan sy werknemer minstens 10 persent van sodanige loon betaal ten opsigte van elke uur of gedeelte van 'n uur waarin sodanige werknemer gevaarlike werk verrig.

Vir die toepassing van hierdie subklousule beteken „gevaarlike werk" enige werk wat—

(*a*) as gevaarlik geklassifiseer is in enige statutêre, provinsiale of munisipale wet of regulasie met betrekking tot die Bounywerheid en in werking is in enige dorp of plek waarin of waarby sodanige werk verrig word;

(*b*) verrig word aan die buitekant van 'n gebou, uitgesonderd tydens die oprigting van 'n nuwe gebou, op of van 'n hangsteier, hangstoel of 'n dak of skuifleer op 'n hoogte van meer as 30 voet van die grond af, in verband met die opknapping, verandering of herstel van sodanige gebou of die oprigting van ligte of die ophang van vlaggies;

(*c*) verrig word op 'n alleenstaande skoorsteen of staalbundelskoorsteen op 'n hoogte van meer as 30 voet van die grond af;

(*d*) in ou straatriole gedoen word.

5. LEWENSKOSTETOELAE.

(1) Aan werknemers vir wie lone in klousule 4 (1) (*a*) (vi) en (vii) voorgeskryf word, moet benewens sodanige lone 'n lewenskostetoelae van 1s. 5d. per uur betaal word vir elke uur gewerk, uitgesonderd oortyd, met dien verstande dat die lewenskostetoelae wat aldus betaalbaar is, aan halfjaarlikse aanpassing in ooreenstemming met die volgende formule onderworpe moet wees:—

(*a*) By die verstryking van elke agtereenvolgende tydperk van ses maande, bereken vanaf die datum waarop hierdie Ooreenkoms in werking tree, moet die Raad die beswaarde gemiddelde kleinhandelprysindeksyfer vir die nege vernaamste gebiede van die Unie vir alle items vasstel, soos deur die Direkteur van Sensus en Statistiek in die *Staatskoerant* gepubliseer, onmiddellik voor die verstryking van die betrokke tydperk van ses maande.

(*b*) Op die basis van die syfer aldus verkry, moet die voorgeskrewe lewenskostetoelae met 1d. (een pennie) per uur verhoog of verminder word vir elke voltooide drie punte waarmee sodanige syfer meer of minder as 221 is.

(*c*) Elke sodanige aanpassing word van krag vanaf die eerste dag van die maand wat onmiddellik op die verstryking van elke tydperk van ses maande volg, bereken soos in voorafgaande paragraaf (*a*) uiteengesit, en bly van krag vir die daaropvolgende ses maande of, na gelang van die geval, tot die verstryking van die Ooreenkoms.

(v) carrying mortar, brick, stone, concrete or other materials;
(vi) cleaning used bricks;
(vii) lime washing and the use of tar or similar products on buildings and latrines occupied and used by natives, and rough timber such as joists, and underside of floors, provided, however, that lime washing in connection with building and/or latrines during their erection or within sixty days of the completion of any building be excluded from this definition;
(viii) binding or tying with wire, steel reinforcing materials and cutting, bending and assembling, erecting, and fixing such materials under supervision;
(ix) scaffold erecting under supervision of a competent person;
(x) levelling concrete under supervision;
(xi) threading of piping under the supervision of an artisan;
(xii) operating concrete mixers or mortar or other similar machines;
(xiii) assisting artisans wherever necessary, but not to perform skilled work;

"wet weather shelter" means a shelter constructed of weather proof materials in such manner, that the occupants will be kept dry and comfortable in any circumstances;

"working employer or partner" means any employer or any partner in a partnership which carries out work in the building industry who himself performs work similar to that carried out by any of his employees;

4. WAGES.

(1) (*a*) No employer shall pay and no employee shall accept wages at rates lower than the following, read with the remaining provisions of this clause:—

	Per Hour. s.	d.
(i) Labourer	0	9
(ii) Casual Labourer	0	10
(iii) Semi-skilled Employee	1	6½
(iv) Motor vehicle driver	1	9½
(v) Operator of Hoist	1	9½
(vi) Employees in the painting trade	4	0
(vii) Employees in other trades	4	4

(*b*) *Differential Rates.*—An employee who on any day performs two or more classes of work, for which different wages are payable, shall be paid at the higher wage payable in terms of paragraph (*a*) of this sub-clause for all the hours worked on such day.

(2) *Payment for Work on Certain Days.*—Double the wages laid down in this clause shall be paid by an employer for all time worked on Sunday, Good Friday, Easter Monday, Day of the Covenant, Christmas Day and New Year's Day, which days shall be deemed to extent to the usual starting time on the days following on them.

(3) In addition to the wage prescribed in sub-clause (1) an employer shall pay to his employee not less than 10 per cent of such wage in respect of each hour or part of an hour during which such employee is engaged in performing dangerous work.

For the purpose of this sub-clause "dangerous work" means any work—

(*a*) classified as dangerous in any statutory, provincial or municipal law or regulation relating to the Building Industry and operative in any town or place in or at which such work is performed;

(*b*) performed on the outside of a building, other than in the course of erection of a new building, on or from a swinging scaffold, boatswain's chair, or a roof or extension ladder, at a height of more than 30 feet from ground level, in connection with the renovation, alteration or repair of such building or the erection of illuminations or the hanging of bunting;

(*c*) performed on an independent chimney or steel stack at a height of more than 30 feet from the ground level;

(*d*) performed in old sewers.

5. COST OF LIVING ALLOWANCE.

(1) Employees for whom wages are prescribed in clause 4 (1) (*a*) (vi) and (vii) shall in addition to such wages, be paid a cost of living allowance of 1s. 5d. per hour for each hour worked, exclusive of overtime, provided that the cost of living allowance so payable shall be subject to half yearly adjustment in accordance with the following formula:—

(*a*) Upon the expiry of each successive period of six months, taken as from the date on which this agreement comes into operation, the Council shall ascertain the weighted average retail price index figure for the nine principal areas of the Union for all items, as published by the Director of Census and Statistics in the *Government Gazette* immediately prior to the expiry of the period of six months concerned.

(*b*) On the basis of the figure so ascertained, the cost of living allowance prescribed shall be increased or decreased respectively by 1d. (one penny) per hour for every complete three points by which such figure is greater or less than 221.

(*c*) Each such adjustment shall become effective from the first of the month immediately following the expiry of each period of six months, calculated as described in the preceding paragraph (*a*), and shall remain operative for the next ensuing six months or until the expiry of the agreement as the case may be.

(2) In die geval waar die toelae voorgeskryf ingevolge Oorlogsmaatreël No. 43 van 1942, of enige ander plaasvervangende wetgewing, die bedrag oorskry wat in subartikel (i) voorgeskryf word, moet 'n bedrag tot 'n maksimum van 1s. per uur van die voorgeskrewe minimum loon van toepassing op werknemers in subartikel (1) genoem, steeds geld as lewenskostetoelae vir die toepassing van genoemde Oorlogsmaatreël of plaasvervangende wetgewing.

(3) In die geval waar wetgewing ingestel word waardeur die lewenskostetoelae of enige deel van die lewenskostetoelae soos voorgeskryf in subklousule (1) by die basiese lone gekonsolideer word, moet die loonskale wat voorgeskryf is vir werknemers in subklousule (1) genoem, as ooreenkomstig sodanige wetgewing beskou word tot die bestek van 'n maksimum bedrag van 1s. per uur, en, tot die toepaslike bestek, moet sodanige bedrag teen enige bedrag kragtens sodanige wetgewing gekonsolideer, verreken word.

(4) Die lewenskostetoelae verskuldig aan 'n werknemer ooreenkomstig subklousule (1) moet enige toelae insluit wat aan sodanige werknemer betaalbaar is ingevolge Oorlogsmaatreël No. 43 van 1942, en waar die lewenskostetoelae betaalbaar ingevolge dié Oorlogsmaatreël hoër is as dié wat ooreenkomstig subklousule (1) verskuldig is, moet die Oorlogsmaatreëltoelae betaal word, onderworpe aan die bepalings van subklousules (2) en (3).

(5) Alle ander werknemers moet lewenskostetoelaes ontvang volgens die skale voorgeskryf by Oorlogsmaatreël No. 43 van 1942.

6. BETALING VAN LONE, OORTYD EN ANDER BESOLDIGING.

(1) Lone, verdienste vir oortyd en alle ander verskuldigde besoldiging moet weekliks in kontant betaal word gedurende werkure en voor of op 5 nm. op Vrydae, of by diensbeëindiging indien dit voor die gewone betaaldag van die werknemer plaasvind.

Betaling kan egter op dae voor Vrydag gedoen word indien die werkgewer en werknemer daartoe ooreenkom. As Vrydag in die Nywerheid 'n openbare vakansiedag is, moet betaling op die voorafgaande Donderdag plaasvind.

(2) Lone, verdienste vir oortyd en enige verskuldigde besoldiging moet in verseëlde koeverte met die naam van die werknemer, die getal gewone en oortydure gewerk, aftrekkings gemaak, datum van betaling en die ingeslote bedrag daarop, aan werknemers oorhandig word.

(3) Behoudens die bepalings van klousules 22 (1) en (4), en 26 mag geen aftrekkings gedoen word van bedrae wat aan werknemers verskuldig is ten opsigte van lone of besoldiging vir oortydwerk nie; met dien verstande dat as 'n werkgewer by enige wet, ordonnansie of hofbevel verplig word om 'n betaling namens 'n werknemer te doen, enige bedrag wat aldus betaal is, afgetrek kan word.

7. STUKWERK, TAAKWERK EN AANSPORINGSWERK.

(1) Dit is verbode vir werkgewers om werk op 'n stukwerk- of taakwerkgrondslag uit te gee en vir werknemers om sulke werk te verrig.

(2) Behoudens die voorwaarde dat geen werknemer minder betaal mag word as die bedrag waarop hy ingevolge klousule (4) geregtig sou wees nie, mag 'n werkgewer 'n werknemer se betaling baseer op die hoeveelheid of produksie van werk verrig; met dien verstande dat geen sodanige besoldigingstelsel toelaatbaar moet wees nie behalwe in die vorm van 'n aansporingskema oor die voorwaardes waaroor ooreengekom is soos uiteengesit in subklousules (3) en (4) hieronder.

(3) Enige werkgewer wat 'n aansporingskema wil invoer, moet 'n gesamentlike komitee van verteenwoordigers van die bestuur en werknemers instel wat, na raadpleging met enige van die vakverenigingpartye by hierdie Ooreenkoms wie se lede daarby betrokke is, oor die voorwaardes van enige sodanige skema kan besluit.

(4) Die voorwaardes van enige sodanige aansporingskema en enige daaropvolgende wysiging daarvan waaroor die Komitee mag besluit het, moet op skrif gestel word en deur die lede van die Komitee onderteken word en mag nie deur die Komitee verander word om deur enigeen van die partye beëindig word nie, tensy die party wat die Ooreenkoms wil verander of beëindig, die ander party skriftelik sodanige kennis gee as waaroor die partye mag ooreenkom wanneer sodanige Ooreenkoms aangegaan word.

8. STAPTYD EN VERVOER.

(1) As 'n werk meer as drie myl, maar hoogstens agt myl van die Hoofposkantoor, Queenstown, geleë is, moet die werkgewer aan die werknemer wat na daardie werk gestuur word, 'n toelae van 'n kwartier se loon betaal vir elke myl of gedeelte van 'n myl van die afstand bo sodanige drie myl.

(2) Die toelae is slegs vir een rigting daagliks betaalbaar.

(3) Die werkgewer is geregtig om vervoer i.p.v. die bogenoemde te verskaf, of om t.o.v. die genoemde afstand vir vervoer in albei rigtings te betaal.

(4) Enige tyd wat 'n werknemer nodig het om na of van die werk te gaan, moet buite die gewone werkure wees wat in klousule 9 voorgeskryf word.

(5) 'n Werknemer wat op staptyd- of vervoertoelae geregtig is, moet daardie toelae weekliks opvra en ontvang.

(6) Vir die toepassing van hierdie klousule beteken „werk", die werkwinkel of terrein waar die werk verrig word.

(2) In the event of the allowance prescribed under War Measure No. 43 of 1942, or under any substituting or superseding legislation exceeding the amount prescribed in sub-clause (1), an amount up to a maximum of 1s. per hour of the prescribed minimum wage applicable to employees referred to in sub-clause (1) shall continue to count as cost of living allowance for the purpose of the said War Measure or of substituting or superseding legislation.

(3) In the event of legislation being introduced whereby the cost of living allowance or any part of the cost of living allowance as prescribed in sub-clause (1) is consolidated into basic wages, the wage rates prescribed for employees referred to in sub-clause (1) shall be regarded as being in compliance with such legislation to the extent of a maximum amount of 1s. per hour, and, to the extent applicable, such amount shall be set off against any amount consolidated under such legislation.

(4) The cost of living allowance due to an employee in terms of sub-clause (1) shall include any allowance payable to such employee under War Measure No. 43 of 1942, and where the cost of living allowance payable under the War Measure is higher than that due in terms of sub-clause (1) the War Measure allowance shall be paid, subject to the provisions of sub-clauses (2) and (3).

(5) All other employees shall receive cost of living allowances at the rates prescribed by War Measure No. 43 of 1942.

6. PAYMENT OF WAGES, OVERTIME AND OTHER REMUNERATION.

(1) Wages, earnings for overtime and all other remuneration due shall be paid in cash, weekly during working hours and not later than 5 p.m. on Fridays, or on termination of employment if this takes place before the ordinary pay day of the employee.

Payments may, however, be made on days prior to Friday if agreed to by the employer and employee. When Friday is a holiday in the Building Industry, payment shall be made on the Thursday preceding.

(2) Wages, earnings for overtime and any remuneration due shall be handed to employees in sealed envelopes bearing the name of the employee, number of ordinary and overtime hours worked, deductions made, date of payment and amount enclosed.

(3) Subject to the provisions of clause 22 (1) and (4) and 26, no deductions shall be made from amounts due to employees in respect of wages or remuneration for overtime work, provided that where an employer is compelled by any law, ordinance or legal process to make any payment on behalf of an employee, any amount so paid may be deducted.

7. PIECE-WORK, TASK-WORK AND INCENTIVE WORK.

(1) The giving out by employers, or the performance by employees of work on a piece-work or task-work basis is prohibited.

(2) Subject to the condition that no employee may be paid less than the amount he would be entitled to in terms of clause 4, an employer may base an employee's remuneration on the quantity or output of work done; provided that no such system of remuneration shall be permissible except in the form of an incentive scheme the terms of which have been agreed upon as set out in sub-clauses (3) and (4) hereunder.

(3) Any employer who wishes to introduce an incentive scheme shall set up a joint committee of representatives of the management and the employees which, after consultation with any of the Trade Union parties to this Agreement whose members are involved, may agree upon the terms of any such scheme.

(4) The terms of any such incentive scheme and any subsequent alteration thereto which may have been agreed upon by the committee shall be reduced to writing and be signed by the members of the committee, and shall not be varied by the committee or terminated by either party unless the party wishing to vary or terminate the Agreement has, in writing given the other party such notice as may be agreed upon by the parties when entering into such an Agreement.

8. WALKING TIME AND TRANSPORT.

(1) Whenever a job is situated more than three miles and not more than eight miles from the General Post Office, Queenstown, the employer shall pay to an employee sent to work on such a job an allowance of one quarter of an hour's wage for every mile or part thereof of the distance beyond such three miles.

(2) The allowance shall be payable for one way only daily.

(3) An employer shall be entitled to provide suitable transport in lieu of the foregoing, or pay transport, both ways, in respect of the said distance.

(4) Any time occupied by an employee in proceeding to or from work shall be outside the ordinary hours of work, prescribed in clause 9.

(5) An employee entitled to walking time or transport allowance shall claim and be paid such allowance weekly.

(6) For the purposes of this clause "job" means the workshop or site where work is being performed.

9. KONTRAK UITSLUITLIK VIR ARBEID.

Geen werkgewer mag werk uitgee op 'n kontrak uitsluitlik vir arbeid nie. Geen werknemer mag werk op so 'n basis aanneem of verrig nie.

10. WERK OP PLATTELAND.

Die volgende vervoertoelaes en/of slaapplektoelaes moet deur 'n werkgewer betaal word aan 'n werknemer wat deur hom na plattelandse werk gestuur word:—

(*a*) As 'n werknemer daagliks huis toe kan gaan en dit ook doen: Daagliks 'n tweedeklas-retoerspoorwegkaartjie. Slegs vir tyd wat by die werk gewerk word, word betaal;

(*b*) as 'n werknemer nie daagliks huis toe kan gaan nie—

(i) tweedeklasspoorwegkaartjie of soortgelyke vervoer na en van die werksplek af aan die begin en by die einde van die werk; vir tyd wat gedurende gewone werkure gereis word, word slegs betaal teen die uurloonskaal van die betrokke werknemer, soos in klousule 4 voorgeskryf;

(ii) geskikte slaapplek naby die werkplek, of in plaas daarvan 'n toelae van 12s. 6d. per dag;

(iii) as 'n werknemer oor die naweek huis toe kan gaan en op die gewone begintyd op Maandag (of Dinsdag, as Nuwejaarsdag, Kersdag, of Geloftedag op 'n Sondag of Maandag val) by die werk terug kan wees, is hy geregtig op 'n tweedeklas-retoerspoorwegkaartjie vir die naweek, maar daar word geen betaling in plaas van sodanige kaartjie gedoen as die reis nie onderneem word nie; ten opsigte van tyd wat gedurende sulke naweke aan reis bestee word, is geen loon betaalbaar nie.

11. WERKURE.

(1) Die gewone werkure van 'n werknemer, uitgesonderd 'n „los arbeider", mag hoogstens die volgende wees:—

(*a*) In die geval van 'n „arbeider", 43 uur per week;

(*b*) in die geval van alle ander werknemers, met uitsondering van „los arbeiders", 41 uur per week, d.w.s. 8 uur 12 minute daagliks van Maandae tot en met Vrydae, nl. van 7.48 vm. tot 12.45 nm. en 1.45 nm. tot 5 nm.

(2) Die gewone werkure van 'n „los arbeider" mag hoogstens 8¾ uur per dag wees.

(3) Terwyl hy by 'n werkgewer in diens is, mag geen werknemer enige werk in die Bounywerheid, hetsy vir besoldiging of nie, buite die ure wat in hierdie klousule voorgeskryf word, werk onderneem of verrig nie, ook nie op Sondae, Goeie Vrydag, Paasmaandag, Geloftedag, Kersdag of Nuwejaarsdag nie, hetsy vir eie rekening of namens 'n ander persoon of persone, uitgesonderd dat 'n werknemer slegs vir homself kan werk.

(4) Geen werk uitgesonderd dié gespesifiseer in klousule 12 (1) mag op Sondag, Paasmaandag, Goeie Vrydag, Geloftedag, Kersdag en Nuwejaarsdag, of op Saterdag verrig word nie, uitgesonderd dat 'n werknemer behoudens die skriftelike toestemming van die Raad slegs vir homself kan werk.

(5) Geen werknemer mag verplig of toegelaat word om vir 'n aaneenlopende tydperk van meer as 5 uur te werk sonder 'n onderbreking van minstens een uur nie, met dien verstande dat werktydperke onderbreek deur 'n pouse van minder as een uur as aaneenlopend beskou moet word.

12. OORTYD.

(1) 'n Werkgewer mag nie van sy werknemer vereis of hom toelaat om oortyd te werk nie, behalwe op noodsaaklike dienste of in die geval van noodwerk.

(2) Alle ure gewerk bo die ure wat in klousule 9 voorgeskryf word, moet as oortyd beskou word en, behoudens soos bepaal in subklousule (2) van klousule 4 van hierdie Ooreenkoms, moet daarvoor betaal word:—

(*a*) Teen een en 'n half maal die gewone loon van 'n werknemer, of 'n bedrag gelykstaande met die gewone besoldiging van die werknemer, bestaande uit die basiese loon, lewenskostetoelae en vakansiefondsbetaling, wat ook al die gunstigste vir die werknemer is, vir die eerste twee uur oortyd per dag gewerk van Maandae tot Vrydae en, vir die eerste vier uur oortyd wat voor twaalfuur middag op Saterdag gewerk word.

(*b*) Teen dubbel die basiese skaal vir alle oortyd bo twee uur per dag van Maandae tot Vrydae, vir oortyd op Saterdae voor middag wanneer oortyd op die voorafgaande Vrydag gewerk is, en vir alle oortyd na twaalfuur middag op Saterdae, en vir alle werk wat op Sondae en openbare vakansiedae verrig word.

(3) Geen werkgewer mag sy werknemer toelaat om meer as tien uur oortyd in enige week te werk nie.

13. DIENSBEËINDIGING.

(1) 'n Werknemer, uitgesonderd 'n los arbeider, wat sy diens by 'n werknemer wil beëindig en 'n werkgewer wat die dienste van sy werknemer, uitgesonderd 'n los werknemer, wil beëindig, moet minstens een werkdag kennis gee; met dien verstande dat dit nie inbreuk maak op die reg van 'n werkgewer of werknemer om die dienskontrak sonder kennisgewing te beëindig weens 'n oorsaak wat wetlik as voldoende erken word nie.

9. LABOUR ONLY CONTRACT.

No employer shall give out work on a labour only contract basis. No employee shall accept or perform work on such a basis.

10. COUNTRY JOBS.

The following transport allowance and/or allowances for sleeping accommodation shall be paid by an employer to an employee sent by him to work on a country job:—

(*a*) Where an employee is able and does return to his home every day: Return second class railway fare daily. Only time worked on a job shall be paid for;

(*b*) Where an employee is unable to return to his home daily—

(i) second class railway fare or equivalent transport to and from the place of work at the beginning and termination of such work time occupied in travelling during the ordinary working hours only shall be paid for at the hourly rate of wage of the employee, concerned, as prescribed in clause 4;

(ii) suitable sleeping accommodation, in proximity to the place of work or an allowance of 12s. 6d. per day in lieu thereof;

(iii) an employee if able to proceed to his home at the weekend and return by the ordinary starting time on Monday (or Tuesday if New Year's Day, Christmas Day or the Day of the Covenant falls on a Sunday or Monday), he shall be entitled to a second class railway return fare at weekends, but no payment in lieu of such fare shall be made if the journey is not undertaken; wages shall not be payable in respect of any time spent travelling during such week-ends.

11. HOURS OF WORK.

(1) The ordinary hours of work of an employee, other than a "casual labourer", shall not exceed—

(*a*) in the case of a "labourer" 43 hours per week;

(*b*) in the case of all other employees excluding "casual labourers" 41 hours per week, i.e. 8 hours 12 minutes daily from Mondays to Fridays inclusive, viz. from 7.48 a.m. to 12.45 p.m. and 1.45 p.m. to 5 p.m.

(2) The ordinary hours of work of a "casual labourer" shall not exceed eight and three quarters of an hour in any day.

